# Gebedsbulletin
# No. 21 van 2023

## 21 Mei 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# By die kruis het God alles gesê wat Hy wou en moes

Dit is vreemd dat party mense God in die aanklagbank plaas wanneer slegte dinge gebeur, maar wanneer dinge voor die wind gaan, dan is dit nie Sy skuld nie. Nee, dan is dit hulleself wat so hard werk, of die noodlot, of wat ookal. Wel, die volle waarheid is dat God graag goeie dinge vir ons doen. Alle goeie gawes kom van Hom af sê Jakobus 1. Die Here praat hard met ons wanneer goeie dinge gebeur, nie andersom nie. Hy maak ons nooit seer om ons aandag te probeer trek nie. Die kruis het oorgenoeg seer gebring vir hom. Daar het God alles gesê wat Hy wou sê, en wat Hy moes sê.

Die Here spesialiseer in genade. Hy is op sy heel beste wanneer mense se nood en verlorenheid die grootste is. Op sy hemelse plaas groei genade altyd welig. Daarom dat God graag oor en voor met ons almal begin. Hy blink uit in tweede, derde, duisendste kanse! Niks wat ons ooit gedoen het, tans doen, of in die toekoms nog gaan doen, kan maak dat Hy meer of minder van ons hou nie. (So beskryf Philip Yancey genade.) Die Here het ons lief. Punt!


***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Cedric Wiegand
Maria Steyn
Ria Putter
Oom Sampie Swart
Oom Stoffel Reynders
Jaco Steenkamp
Louis Strauss
Tannie Marinda Jordaan
Heleen J van Vuuren
Ina van der Merwe
Stefaans du Plessis
Annika Killian
Sumari Pretorius
Oom Eberhard Carshagen
Leonie Kruger
Petrus Venter
Heleen Lamont
Benny Janssen
Jillian Jansen







## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

## *Gedagte vir die week*

***Die sewe Kruiswoorde van JESUS:***

1) "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Luk. 23:34)
2) "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." (Luk. 23:43)
3) "Daar is u seun... Daar is jou moeder." (Joh. 19:26-27)
4) "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt. 27:46, Mark 15:34)
5) "Ek is dors." (Joh. 19:28)
6) "Dit is volbring!" (Joh. 19:30)
7) "Vader, in U hande gee Ek my gees oor." (Luk. 23:46)

***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.